### *Roban die soeker*

**36** In die môre kom Roban tog na My huis toe en vra of hy My maar kon spreek.

[2] **Ek** sê egter aan hom: "Wat u My wil sê, dit weet Ek; maar wat Ek vir u te sê het, dit weet u nie, luister u dus na My."

[3] **Roban** sê: "As U wil praat, praat dan en ek sal na U luister!"

[4] **Ek** sê: "U het gister `n Psalm voorgelees; dit was Psalm 37. Hierdie Psalm het vir u sowel as u kollegas sterk aangespreek, en daardeur is u die een wat gaan besin het, en het u uself afgevra of u My links moes laat lê en of u `n leerling van My moes word. U het u gesamentlik uitgespreek oor die afsydigheid! Vannag dink u egter self daaroor na of u nie `n leerling van My moes word nie, en u het nou gekom om dit vir My te vra.

[5] Ek sê egter nie ja of nee nie, maar as u wil bly, bly dan; as u wil gaan, gaan dan! Want sien u, Ek het genoeg leerlinge! Daar is baie kamers hier in My huis, en almal is vol leerlinge. Buite in die ope lug sien u tente opgeslaan; daar woon My leerlinge. Daar, naas die klein vertrek, is die groot werks- en eetkamer; die hoë menere uit Rome slaap nou nog daar omdat dit nog vroeg is, en ook hulle is leerlinge van My. In `n klein vertrek daarnaas loseer owerste Jaïrus met sy vrou en dogter, wat Ek twee maal uit die dood opgewek het; en ook hy is My leerling. As sulke mense leerlinge van My is, kan u ook `n leerling van My word; maar soos wat U ook kan sien, kan Ek nie op u wag nie! As u wil, bly dan; as u nie wil nie, gaan dan! Want die twee weë staan oop voor u."

[6] **Roban** sê: "Meester, ek bly - en dit is dalk moontlik dat daar nog meer van my kollegas sal kom en bly, net soos ek! Want ek begin nou te verstaan dat daar agter U meer moet wees as slegs die geheime toorkuns van `n towenaar uit die Môreland! U is `n gesalfde profeet van Elohim op U eie manier soos wat daar vóór U nog nooit een was nie, en daarom bly ek!

[7] Weliswaar staan daar geskryf dat daar uit Galiléa nooit `n profeet sal voortkom nie; maar daarmee hou ek my nou nie meer op nie, want by my geld die sigbare daad meer as die raaiselagtige woord van die Skrif, wat niemand na waarheid kan skat nie. Bowendien is U volgens my wete nie eers in Galiléa gebore nie, maar in Bethlehem, en dus kan U uit die oogpunt van geboorte gesien, wel `n profeet wees! Ek voel my baie tot U aangetrokke en U nabyheid doen my goed, daarom bly ek. Ek het weliswaar geen groot vermoë nie, maar wat ek het, is vir ons almal voldoende om dertig jaar van te lewe! As U leergeld vra, staan my halwe vermoë U tot diens!"

[8] **Ek** sê: "Gaan na My leerlinge en vra hulle hoeveel hulle My betaal vir lering en kos, en betaal dit dan ook!"

[9] Roban vra dit dadelik aan `n aantal van **die aanwesige leerlinge**. Maar dié sê: "Ons heilige Meester het nog nooit eers `n oortjie van ons gevra nie, hoewel ons almal steeds heeltemal deur Hom versorg word. Hy sal van u sekerlik nie meer verlang as wat Hy van ons verlang nie! Geloof en liefde is al wat Hy vra."

[10] **Roban** vra verder: "Kan julle dan ook al enige besondere, vir die menslike verstand, onbegryplike, dinge doen? En indien ja, verstaan julle dan ook hoe dit moontlik is?

[11] **Petrus** sê: "As dit nodig is, kan ons ook, deur die krag van die Meester in ons, sulke dade verrig en ons verstaan ook presies hoe dit sonder meer moeiteloos kan plaasvind. As u `n egte leerling van Hom wil wees, sal ook u sulke dinge kan doen en sal tewens goed verstaan wat u doen! Want hier is die liefde die wet en die wysheid voer haar uit!"

[12] **Roban** vra nog verder en sê: "Maar het jy al ooit opgemerk dat die satan dalk heel onmerkbaar by sulke buitengewone dade saamwerk!?"

[13] **Petrus** sê: "Waarom vra u arme, blinde mens tog so `n slegte ding! Hoe kan satan nou saamwerk aan sake waarin alle hemele die hoogste en magtigste invloed het!? Ek en ons almal het die hemele geopen gesien, en die engele van Elohim in tallose skares na die aarde gesien neerdaal; en ons het gesien dat hulle Hom en ons almal dien - as dit so is, hoe kan die satan dan deel daaraan hê!?

[14] Maar as u dit nie van my wil glo nie, gaan dan na Sigar en vra inligting daar by die opperpriester JonaEl en by die groot handelaar Jaïrus, wat tans buite Sigar in die bekende kasteel van Esau woon! Hierdie vriende van ons sal u die waarheid vertel wie Hy is, by wie ons die onverdiende, hoogste barmhartigheid ondervind het om ook Sy leerlinge te mag wees! Sowel by JonaEl as by Jaïrus sal u nog dienende engele in `n skynbare liggaamlike gedaante aantref."

[15] Toe Roban dit hoor, kom hy heel eerbiedig na My toe en vra My of Ek iets daarteen sou hê as hy `n reis na Sigar sou maak.

[16] **Ek** sê: "Gladnie! Gaan en win oor alles inligting in; en as u weer hierheen sal kom, stel u broers en kollegas dan op hoogte van alles wat u gehoor en gesien het! Kom dan terug as u hierdie opdrag met goeie gevolge uitgevoer het en volg My! Want u sal wel te wete kom waar Ek op daardie oomblik sal wees! As u egter deur Sibarah, die eerste tolplek hiervandaan, en dan deur Kis en Kana in Samaria gaan, en mense u sal vra waarheen en in wie se naam u hierdie reis maak, noem dan My Naam, dan sal mense u orals vry laat deurtrek. Maar moenie in die gewaad van `n oudste van die fariseërs gaan nie. Want daarmee sal u nie ver kom nie; trek daarenteen heel eenvoudige burgerlike klere aan, dan sal die mense in Samaria hulle ook nie teen u verset nie."

[17] Toe Roban dit hoor, gaan hy dadelik op weg om Hom wat hy nou tuis so digby hom gehad het, in die vreemde te soek en te vind.

[18] Maar daar is altyd mense en geeste wat steeds meen dat `n mens in die vreemde meer sal kan sien, ervaar en leer, as tuis; en tog skyn één en dieselfde son orals. Ja, in die vreemde kan mens wel ander streke, ander mense en ander sedes en tale leer ken; maar of die hart daarby iets gaan wen, is `n ander saak!

[19] Wie slegs uit pure nuuskierigheid na die vreemde wil gaan om homself daar beter te vermaak en te verstrooi, hy sal vir die ontwikkeling van sy hart min verwerf; maar laat hy, wat na die vreemde wil gaan om die mense daar van nut te wees, en wat aan hulle `n nuwe lig bring, rondtrek en werksaam wees, en die reis sal baie wins vir hom oplewer!

[20] Elke profeet bereik in die vreemde meer as tuis op eie bodem.

### *Die koms van Lydia*

**37** Toe Roban weg is, kom die ou man, wat Josa heet, met sy kinders en kleinkinders wat in die nag genees is en bring My dank, lof en eer en vra My of hy hom, met syne, gedurende die dag by My geselskap mag voeg.

[2] En **Ek** sê aan hom: "Doen wat u wil! Gister het u ter wille van My moeilikheid met die fariseërs gehad, en u almal het u in My Naam goed gedra. Daarom sal u in die toekoms van al daardie soort plae bevry wees, en geen hebsugtige Seloot sal meer die drumpel van u huis betree nie! Gaan nou na My leerlinge; hulle sal u leer wat u alles vanaf nou moet glo en doen!

[3] Na hierdie woorde kom Petrus na vore en bring die gehele geselskap na Matthéüs, die skrywer, en hy laat hulle lees wat My leerlinge alles beleef het, en wat Ek hulle geleer het.

[4] Pas nadat hulle op hierdie wyse geestelik versorg is, kom Cyrenius, Cornelius, Festus en die owerste Jaïrus met vrou en dogter uit hul slaapkamers, groet My baie hartlik en bedank My vir die goeie en buitengewone verkwikkende slaap, en vir die mooi drome wat hulle gedurende hierdie nag gehad het. Ek begroet hulle ook en toon hulle die mense wat genees is, wat ook sopas binne gekom het .

[5] En **Cyrenius** gaan na hulle toe en laat hulle alles haarfyn uitlê. Toe hy egter van die nagtelike intriges van die fariseërs hoor, word hy baie kwaad en sê: "Nee Meester, by U gewyde Naam wat bo alles is, dit kan ek nie van hierdie satanskinders toelaat nie! Ek moet hulle laat tugtig, ook al sou ek my lewe daarvoor verloor! Hulle is tog wolwe, hiënas en jakkalse wat jy nooit weer in die hele Palestina, of selfs in die hele Asië sal teëkom nie! Wat is dan die verskil tussen hulle en die ergste diewe en straatrowers? O boosaardige diere van die eerste en verskeurendste klas! Dienaars van Elohim noem hulle hulleself en hulle laat hulleself oordag orals hemelhoog eer en prys; maar snags trek hulle uit om sonder meer te roof! Nou, wag maar, wag maar, ek sal julle nagtelike rooftogte wel op so `n manier belet dat hoor en sien vir julle sal vergaan!"

[6] **Ek** sê aan die woedende opperstadhouer: "Vriend, hou op; want wat jy wil doen, dit het Ek alreeds op geestelike wyse gedurende hierdie nag op `n baie gevoeliger manier gedoen en die gevolg daarvan sal wees dat hulle almal spoedig My leer sal aanneem. Hulle oudste, wat Roban heet, was nou al hier en het My leer aangeneem; en Ek het hom daarom ook al as `n nuwe leerling na Sigar gestuur, waar hy baie sal sien en leer. Binne twee dae sal hy weer terugkom en sal beslis sy kollegas in My huis inbring! Sien jy, dit is beter as roede, kruis en byl!"

[7] **Cyrenius** sê ietwat minder opgewonde: "In daardie geval trek ek weliswaar my woorde terug, en sal ek hulle aan geen streng en pynlike oordeel onderwerp nie; maar hulle moet rekenskap aan my gee!"

[8] **Ek** sê: "Maar nie vóór die middag nie, maar na die middag! Want hierdie mooi tyd wil ons aan iets beters bestee. Nou gaan ons egter eers ontbyt nuttig!"

[9] Borus het naamlik in die ope lug baie tafels laat opstel, met welke werk My broers hom as timmermans natuurlik goed gehelp het, en dus sou vandag, synde die dag voor die Sabbat of te wel op Vrydag, die oggendmaaltyd buite genuttig word. Ongeveer vyftig lang tafels, voorsien van banke, was belaai met spys en wyn, en dit was werklik `n skouspel om van te geniet soos wat daar honderde verskillend geaarde gaste aan al die tafels gesit het, lofpsalms gesing het en besig was om die oorvloedige maal te geniet. In die middel van die talle tafels was `n soort platvorm opgerig, waarop `n groot, sierlik getooide tafel met spys op ons gewag het en waaraan ons - Ek, Cyrenius, Cornelius, Festus, Jaïrus met sy vrou en dogter, My moeder en die twaalf apostels plek ingeneem het en onder allerlei verheffende, blymoedige gesprekke die oggendete gebruik het wat Festus en Borus so versorg het.

[10] Lydia , die jong vrou van Festus, ontbreek egter omdat hy haar in Kapernaum tuis gelaat het vanweë haar talle huishoudelike sake, hoewel sy besonder graag ook met ons na Násaret sou wou gaan. My moeder verwyt hom ligtelik daaroor, en hy betreur dit dat hy sy liewe vrou tuis gelaat het, en besluit om haar dadelik self te gaan haal.

[11] **Ek** sê egter aan hom: "Doen dit nie. As Ek dit wil, sal sy op die middaguur gesond en wel hier wees!" Festus vra My om dit te doen en Ek beloof dit aan hom.

[12] Dadelik staan daar twee buitengewone **innemende jongmanne** in ligblou gewade by My. Hulle buig baie diep voor My en sê: "Meester, U diensknegte wag eerbiedig op U gewyde bevel!"

[13] En **Ek** sê aan hulle: "Gaan haal vir Lydia, sodat sy ook by ons kan wees!"

[14] Beide verdwyn, en **Cyrenius** vra My heel verwonderd: "Vriend, wie was die twee buitengewone seuns en innemende jongmanne? My hemel, sulke pragtige figure het my oog nog nooit gesien nie!"

[15] **Ek** sê: "Wel, elke meester het diensknegte, en as hy hulle roep, moet hulle kom om hom te dien. Omdat Ek ook `n Meester is, het Ek ook dienaars. Hulle moet My bevele aan die hele oneindigheid verkondig. Hulle is weliswaar nie vir jou sigbaar nie, maar wel vir My; en waar jy niks vermoed nie, daar wag nog steeds tallose legioene op My wenke! En daarby is die dienaars van My - hoe teer hulle ook daar uitsien - tog sterk genoeg om hierdie aarde, as Ek hulle sou opdrag gee, in `n oogwink te vernietig! - Maar kyk, daar kom hulle al terug met Lydia!"

[16] Byna elkeen aan My tafel is met stomheid geslaan, en **Cyrenius** sê: "Hoe is dit nou moontlik? Die twee kon tog maar nouliks vyfhonderd treë afgelê het - na Kapernaum is dit byna twee uur se loop hiervandaan - en hulle is nou al weer terug! Ag, dit oortref tog alles wat `n arm mens op hierdie aarde ooit sal kan beleef!"

[17] Toe Lydia, wat liefdevol deur die verbaasde Festus ontvang word, na ons tafel gebring word, vra **Cyrenius** haar dadelik: "Maar liefste Lydia, hoe het jy nou tog so vinnig van Kapernaum hier gekom?! Was jy alreeds onderweg?"

[18] **Lydia** sê:" Sien u dan nie die twee engele van Elohim nie? Hulle het my bliksemsnel hierheen gedra. Ek het onderweg nóg aarde nóg lug gesien, maar hier en daar was dit oombliklik, en nou is ek hier. Maar vra die twee engele; húlle sal dit beter kan uitlê as ek."